Publication: Burger,Die(Oos-Kaap) (Forum)
Publication Date: 01 Nov 2017
Page: 11

AVE: 8536.18
Circulation: 7783
Part: 1 of 1



# Saamstaan teen geweld is die oplossing

**Godsdiens Aktueel**

Nico Koopman



Dawie pleit in sy politieke rubriek in Saterdag se *Die Burger* dat mense van verskillende gemeenskappe moet saamstaan teen die talle vorme van geweld wat heerskappy in ons samelewing voer.

Ek hou van hierdie beklemtoning van "saamstaan". In ons steeds rassensitiewe samelewing moet ons daarteen waak dat faktore soos etnisiteit ons gesamentlike teenkanting teen geweld verlam. Dat spesifieke vorme van geweld in sommige gemeenskappe meer voorkom as in ander, moenie verdelend inwerk op die gesamentlike bestryding daarvan nie.

Dis belangrik dat ons saam eienaarskap aanvaar vir die bevegting van onder meer plaasgeweld, bendegeweld, geweld teenoor vroue en kinders, en die sistemiese geweld van armoede en swaarkry, korrupsie en staatskaping. Verskillende godsdienstige tradisies pleit immers sterk sosiale solidariteit onder mense van verskillende agtergronde. As een lid ly, ly al die lede saam, betoog Paulus in Korintiërs 12:26.

> **“’n Heilige woede oor geweld moet ons aanvuur om dit te oorkom.**

Daar moet daadwerklik en kragdadig teen sowel die sigbare en kru vorme van geweld as die subtiele en verskuilde vorme opgetree word. Individue, politieke en korporatiewe instellings en meningsvorming moet koalisies teen geweld vorm.

In die Christelike tradisie word gewys op die drievoudige amp van Christus – profeet, priester en koning. Dit rig die optrede van getroue dissipels en verantwoordelike burgers.

Op profetiese wyse moet 'n sterk sosiale bewustheid van geweld geskep word, die oorsake daarvan moet ondersoek en uitgespel word, die versuim van individue en instansies moet ontmasker word, en dapper en ingeligte openbare kritiek moet gelewer word.

'n Heilige woede oor geweld moet ons aanvuur om dit te oorkom. Op profetiese wyse moet onderrig gegee word, wat 'n visie en kultuur van vrede en vreedsaamheid, menswaardigheid en eerbied vir die lewe vestig.

Slagoffers van geweld moet met priesterlike bewoënheid bygestaan word. Hulle moet die solidariteit en omgee van medemense ervaar, en nie verwyt of selfs suggestie van verwyt, soos dikwels gebeur met slagoffers van verkragting nie. Priesterlike burgers demonstreer dat Suid-Afrika nie 'n gewelddadige land hoef te wees nie, maar 'n omgee-land, 'n land van omarming, ontferming en erbarming.

Op koninklike wyse moet hoopvol en kragtig gehandel word, vanuit die perspektief dat geweld en geweldenaars nie die laaste sê sal hê nie. Die fermheid van die gereg en veiligheidsmagte moet gepas funksioneer.

Talle bendelede en ander geweldenaars was as kinders gedoop of ingeseën as lede van geloofsgemeenskappe.

Met koninklike energie, krag en daadwerklikheid moet ons die reis stopsit wat van doopvont tot geweld lei.

■ **Prof. Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.